SALOM - DIE OU-TESTAMENTIESE "VREDE"-BESKOUING EN DIE CHRISTEN

W. Vosloo

Reeds 2 500 jaar gelede was "vrede" 'n slagspreuk van welmenende maar verkeerd ingeligte mense. Aangaande hierdie valse hoop en eensydige verkondiging sê die profeet van ouds: "En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: 'Vrede, vrede' - terwyl daar geen vrede is nie" (Jer. 6:14).

Sedert die Tweede Wêreldoorlog beleef ons weer 'n tyd waar "vrede" 'n slagspreuk geword het. Dikwels is dit egter 'n slagspreuk waar die Ou-Testamentiese woord "šalôm" holus-bolus ingesleep word blykbaar sonder die minste besef van wat die juiste betekenis daarvan in die Ou Testament is. So skryf J. G. Davies[1] byvoorbeeld in 1967 in sy Dialogue with the world: "When the Freedom Workers go to prison in the Southern States of the USA because of their part in the struggle for civil rights, they are participating in mission and seeking to erect signs of shalom". Aan die een kant van die spektrum het šalôm slagspreuk geword by politieke optogte en debatte as aanduiding van die sosialistiese heilsryk; en aan die ander kant van die spektrum het vroom mense šalôm probeer nastreef as 'n bepaalde innerlike geestesgesteldheid. En altwee uiterstes sou hulle op die engelesang van Luk 2:14, "Vrede op aarde...." wou beroep.

Dié situasie beklemtoon meer as ooit tevore die groot behoefte onder enkelinge en volkere om dit wat hulle onder šalôm verstaan, te kan ervaar. Meer as ooit tevore word die mislukking van die Kerk in die algemeen en die christen in die besonder om die Bybelse šalôm aan die mensdom te bring, deur dié roepende behoefte benadruk. 'n Mens sou wel kon vra: "Waar staan die christen vandag ten opsigte van hierdie šalôm?" Daarby vestig die ongenuanseerde misbruik van die Ou-Testamentiese begrip, šalôm die aandag op die onkunde en verwarring met betrekking tot die betekenis van hierdie woord vanuit die Ou-Testamentiese gesigshoek.

1. DIE BEGIN VAN DIE VERWARRING

Die wortels van die verwarring lê eeue ver terug toe die LXX šalôm meestal met eirēnē vertaal het en die Vulgaat weer met pax. Hieruit het die opvatting gegroei dat die "grondbetekenis" van die woord die gedagte van "vrede" as teenpool van "stryd", tesame met die idee van "welsyn" en "geluk" behels. In die vorige eeu het die bekende Gesenius egter die volgende betekenisse vir die Hebreeuse woord aangegee: "heelheid", "veiligheid", "gesondheid", "welsyn", "vrede".

Haas sonder uitsondering is "heelheid" as grondbetekenis van die woord šalôm aanvaar.

Wat met "heelheid" bedoel word, is deur J. Pedersen[2] omskryf as "alles wat tot die gesonde, harmoniese lewe behoort" of "die volle harmoniese gemeenskap van een of ander mensekring wat as familie, stam of volk lewe". Hierdie omskrywing het die verwarring eerder vererger as opgeklaar, omdat die indruk geskep is dat "heelheid" 'n abstraksie is van wat as die kleinste gemene noemer van al die verskillende gebruike van die woord kan dien. Danksy die algemeenheid en vaagheid het hierdie abstrakte voorstelling algemene erkenning begin verkry as 'n redelike weergawe van šalôm[3]. Die woord is gevolglik meestal vertaal met "vrede", terwyl een of ander konnotasie van "heelheid" daaraan geheg is.

2. VERDERE NAVORSING

Omdat so 'n algemene voorstelling nie 'n bevredigende verklaring van die woord in al sy verskillende gebruikswyses gebied het nie, is die saak metertyd opnuut ondersoek. Minstens drie verskillende benaderingswyses is gevolg.

2.1 'n Uitbreiding van die Pedersen-standpunt

W. Eisenbeis[4] aanvaar ook dat die grondbetekenis "heelheid" is, tesame met variasies soos "welsyn", "welvaart", "voorspoed", "gesondheid" en "veiligheid". Hy vind dat šalôm in die klassieke betekenis van "vrede" slegs in enkele gevalle in die latere Ou-Testamentiese geskrifte teëgekom word. Sy omvangryke studie van meer as 350 bladsye het egter weinig nuut opgelewer.

L. Rost[5] onderskryf ook Pedersen se standpunt dat šalôm die ideale toestand van die gemeenskap is. Hy wat die harmonie, die heelheid versteur, is sondig voor God. Die ontmoetingsgroet is bedoel om die vrees vir enige disharmonie te verdryf. Die afskeidsgroet, lēk b^{e}šalôm, is 'n wens dat die heelheid nie in die toekoms in gevaar mag kom nie.

Dit was G. von Rad[6] wat daarop gewys het dat 'n mens nie bloot 'n enkelvoudige vertaling van šalôm kan gebruik nie, maar dat die sinsverband telkens die betekenis bepaal. Daarom moet die woord soms vertaal word met "welstand" (met sterk klem op die materiële sy en veral op die fisiese gesondheid), soms met "vrede" (wat weer stabiliteit van verhoudings impliseer, eerder as die teenoorgestelde van "stryd") en soms met "verlossing" (in teologiese konteks).

Verder toon hy aan dat die woord 'n ontwikkeling deurloop het vanaf "welstand" na "vrede" na 'n eskatologiese verwagting. In gevalle soos 1 Kon. 5:26 verwys dit na 'n verhouding, eerder as 'n toestand, maar nêrens dui dit spesifiek op 'n geestelike gesindheid van innerlike vrede nie.[7] In sy algemene gebruik is šalôm 'n sosiale konsep.

David Gillett[8] bou voort op Von Rad se gedagtes en onderskryf die grondgedagte van "heelheid," "ongeskondenheid". Hy meen dit beskryf 'n toestand van algemene welsyn en bevredigdheid (Gen. 15:15; Jes. 55:12) en word gebruik vir liggaamlike gesondheid (Ps. 38:3 (Afr. vers 4); Jes. 57:18, 19), as 'n groet (Gen. 29:6) en as 'n heilswoord (Jes. 54:10; 60:17). Hy onderskei die volgende kenmerke:

1. Dis 'n positiewe begrip. Byvoorbeeld, dit dui nie op die afwesigheid van oorlog nie, maar op die oorwinning in oorlog. Vergelyk Rigt. 8:9, "As ek met šalôm terugkom, sal ek hierdie toring omgooi".

2. Dis 'n gemeenskapsbegrip wat meer ten opsigte van groepe persone gebruik word as van enkelinge. Dit dui op harmonie, beskryf 'n verhouding eerder as 'n toestand en staan in noue verband met die verbondsgedagte (bv in Jes. 54:10).

3. Dis 'n godsdienstige begrip, aangesien dit 'n gawe van Jhwh is, maar tog bly dit konkreet en is nooit geestelik nie.

4. Dis voorwaardelik, aangesien Jhwh sy šalôm gee (Jes. 32:16,17) of weerhou (Jes. 48:18) in direkte verhouding tot die optrede van Israel.

5. Dis 'n eskatologiese heilsbegrip wat 'n nuwe verhouding in die natuur (Jes 11:6-8) tussen mense (Jes. 11:9) en tussen volkere (Jes. 2:2-4) omskryf. Hierdie nuwe verhouding word steeds as toekomstig gesien.

2.2 'n Ander grondbetekenis

Reeds Gesenius het al die betekenis van die pi^{c}el-vorm van die werkwoord, šillem, as "vergelding" aangedui. J. Scharbert[9] kom tot dieselfde gevolgtrekking in sy studie van die werkwoord, šillem. Hy reageer op die standpunt van Kl. Koch[10] wat beweer het dat pqd, šûb (hif^{c}îl) en šlm (pi^{c}el) niks met vergelding te doen het nie. Scharbert toon aan dat die qal en die adjectivum van šlm "voleindig", "voltooi" kan beteken soos byvoorbeeld in "die skuld van N N is voleindig". In die pi., egter, gaan dit om "betaling" of "vergelding" en dan is dit veral so wanneer God die subjek is. Hierdie gebruik van die werkwoord is opvallend in die latere Ou-Testamentiese literatuur. Merkwaardig is dit dat (veral ten opsigte van seën en vloek) die noodlotsgebeurtenis naas die vergeldingsgedagte bly voortbestaan het. Die twee gedagtes staan egter nie weersprekend teenoor mekaar nie, maar hulle is aanvullend tot mekaar.

Op hierdie bevindinge bou G. Gerleman[11] voort. Hy kom tot die slotsom dat šillem baie dikwels as 'n regsterm gebruik word, bv. in 11 Sam. 15:7, "Laat my tog gaan en my gelofte betaal (šillem)" en in 1 Sam. 24:20, "Maar die Here sal jou die goeie vergelde (šillem) ...."

Ook die hif. en qal hou die betekenis van vergelding of betaling in. Daarom, byvoorbeeld behoort Job 22:21 eerder vertaal te word met: "Gee jouself oor aan Hom sodat jy genoeg mag hê..." Die werkwoord hou dus deurgaans verband met "vergelding". Hieruit lei hy af dat die nomen, šalôm, ook daarmee verband hou.

Wanneer hy dié hipotese toets, vind hy dat die gedagte van vergelding op ambivalente wyse in die woord šalôm na vore kom. In positiewe sin beteken dit "genoegdoening", "voldoening," met variasies soos "behae", "vreugde", "tevredenheid", e.d.m. Val die klem op die handeling van genoegdoening, kan šalôm 'n "verdrag" beteken; en val dit op die skadeloosstelling by die skikking van 'n onenigheid of stryd, verskuif die betekenis in die rigting van "vrede". In negatiewe sin, dit wil sê, waar daar bestraffing, wraak of straf ter sprake is, beteken dit "vergelding" of "betaling". Die finale verskuiwing na "vrede" ontstaan uit die betaling van heffings en belasting, byvoorbeeld 11 Sam. 10:19: "Toe al die onderhorige konings van Haderéser sien dat hulle voor Israel verslaan was, het hulle aan Israel belasting (šalôm) betaal en hulle gedien". Wat betref die dankoffer, šᵉlomîm, dui die meervoud op die stukke vet wat verbrand word en die grondbetekenis dui op die betaling of vrykoping deur die offer.

2.3 'n Godsdiens-historiese benadering los van 'n grondbetekenis. Verskeie geleerdes het al gesê dat agter die benaminge Šalem en Ṣêdêq oorspronklike godhede uit voor-Israelitiese Jerusalem herken kan word.

So meen O. H. Steck[12] dat Šalem die oorspronklike god van Jerusalem was, terwyl Ṣêdêq 'n universele god was wat met onbelemmerde welvaart in verband gebring is. Met die oorname van Jerusalem deur Israel, is dié twee gode deels deur Jhwh verdring. Tog is sekere aspekte van die twee gode weer op Jhwh oorgedra. Iets van die ou Kanaänitiese opvatting sou egter bly voortleef in die begrip šalôm, wat dan die betekenis sou inhou van die welvaart wat die lewe moontlik maak en bevorder.

H.H. Schmid[13] kies ook 'n godsdiens-historiese benadering, maar spits hom toe op die gebruik van die begrip in Egipte en Mesopotamië. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n noue verband bestaan tussen die Sumeriese tekste se šalôm-begrip en dié van die Ou Testament. Dit is naamlik dat šalôm te doen het met die oordrag van die ideale toestand op die werklikheid, die beskouing van die oertyd as ideale tyd, die instandhouding van die kosmos, die strewe na rus en veiligheid vir mense wat deur 'n ideale "herder" regeer word, vrede met die dierewêreld, en vrugbaarheid onder mense en in die natuur.

Die groot bydrae van Schmid is dat hy 'n vraagteken plaas oor die praktyk om 'n grondbetekenis vir die woord šalôm te bepaal en dan van daaruit alle gebruikswyses te probeer verklaar. Saam met Ludwig Wittgenstein[14] sê hy dat enige begrip 'n gekompliseerde net van ooreenkomste beskryf wat mekaar dikwels wedersyds, maar tog net gedeeltelik, dek. Daardeur lê die kontinuïteit tussen die verskillende gebruikwyses nie in die sogenoemde grondbetekenis van die woord nie, maar wel daarin dat verskillende verskynsels as gelyk of gelyksoortig ervaar word en daarom met reeds gebruikte en bekende woorde aangedui word. Wat as grondbetekenis aangedui word, is in werklikheid nie uitgangspunt nie, maar die objektiverende slotsom van 'n lang "Begriffsgeschichte".

Wanneer hy sy idees op die Ou Testament toepas, vind hy onder meer die volgende: In die groet dui šalôm nie op vrede nie, maar op welstand, hoewel godsdiens-historiese wortels nog daarin merkbaar is, te wete die afweer van nadelige invloede. In die religieuse wysheidsdenke gaan dit weer om die wêreldorde. Eers in die seënuitsprake (bv. Lev. 26:6) kom die gedagte van vrede na vore, hoewel dit eers met die opkoms van die grootmoondhede in politieke sin gebruik is.

Hy meen dat daar 'n positiewe konnotasie in die voor-eksiliese profetiese literatuur ontbreek. (Hierdie standpunt van Schmid moet gesien word teen die agtergrond van die opvatting dat alle heilsuitsprake sekondêr is en die voor-eksiliese profete hoofsaaklik aanklaers en gerigsaankondigers is). Die stryd teen die valse profete plaas die šalôm-gedagte in die sentrum. Die voor-eksiliese profete gaan uit van die realiteit van die geskiedenis waarin hulle staan en dié kan beslis nie die šalôm dien nie. Gevolglik is daar vir hulle geen sprake dat daar van God se kant enige šalôm te wagte kan wees nie. Dit sou teen die eer van God indruis. Die sogenoemde heilsprofete verstaan hulle boodskap ook teologies, maar hulle gaan uit van die standpunt dat Jhwh se heilswil groter is as die skuld van Israel. Daarom verwag hulle die šalôm van Jhwh selfs wanneer Israel in die geskiedenis faal, want, meen hulle, God sit ter wille van sy Naam sy heilswerk voort selfs ten spyte van die mens. Wat

die profete betref, gaan dit dus nie om die "vrede" of die voorspoed van mense nie, maar om die eer van God.

Daarteenoor trek Schmid 'n duidelike lyn vanaf die ou Kanaänitiese en oud-oosterse koningsbeskouinge tot by die eskatologiese ŠALÔM-verwagtings in Israel. Dit doen hy met verwysing na die Jerusalemse kultusgedigte wat volgens hom Kanaänitiese wortels het. Die konings=ideologie wat in dié gedigte na vore kom, sluit aan by die ou opvattings dat die voltrekking van die goddelike regs- en natuur=orde aan die koning toegesê is en dat sy heerskappy universele trekke openbaar. Daarby vind hy reste van oud-oosterse troonbesty=gingsformules (Jes. 9:1-6) waardeur die ŠALÔM op magiese wyse op die koning oorgedra word. Ook hierdie oordrag wortel in die konings=ideologie. Dit is eietyds gerig en het nog geen eskatologiese konnotasies nie.

Verder is daar bepaalde uitsprake eie aan die koningsideologie wat mettertyd deel geword het van die messiaanse terminologie. Dit geld uitsprake wat lui dat die koning sy volk sal laat wei (vgl. Miga 5:3 a), die volk sal laat woon (vgl. bv. Miga 5:3b), sy heer=skappy oor die ganse aarde sal uitbrei (vgl. Miga 5:3 c) en dat Jhwh deur hom die wêreld weer tot die oertyd, die oorspronklike kon=sepsie van die wêreld, sal terugbring. Met hierdie uitsprake word 'n toekomsvisie van Israel geskep wat as ŠALÔM omskryf word. Tog is dit 'n šalôm wat nog alle tekens toon van 'n nie-eskatologiese verwagting (vgl. Miga 5:5 e.v.).

Wanneer hierdie voor-eksiliese opvattings vergelyk word met dié van die latere, na-eksiliese profete soos byvoorbeeld Sagaria, blyk dit dat daar 'n merkbare verandering ingetree het. Waar die vroeëre ŠALÔM-aankondigings hoofsaaklik met die magiese verband gehou het, word dit in die latere aankondigings deur die eskatologiese uitkyk verdring. Hierdie verandering het ingetree as gevolg van die reaksie van sterk strominge van die Jhwh-godsdiens op die ontnugtering oor die verskil tussen die werklike toestand en die verwagte ideale koninkryk. In die ontnugtering is daar op grond van Israel se ervaring met Jhwh in die verlede nog steeds vasgehou aan 'n ware Jhwh-gewilde koninkryk, maar nou het die besef gegroei dat die ŠALÔM van God teologies verantwoordbaar is slegs as dit eskatologies gesien

word. Hierdie verwikkeling beskou Schmid as die eintlike begin van die messiaanse verwagting in Israel. Die eskatologiese verskuiwing word voorts gesterk deur die ondervinding dat vrede deur menslike bemoeiing bloot voorlopig is en dat die mens in ieder geval steeds gebuk gaan onder 'n skuldgevoel.

Maar daar het ook nog 'n verandering plaasgevind. Die ondergang van Juda en die daaropvolgende ballingskap het verreikende gevolge gehad, ook vir die šalôm-prediking. Die vóór-eksiliese profete het (volgens Schmid) hoofsaaklik oordeel verkondig. Nou is die oordeel reeds voltrek (Jes. 40:2) sodat die oordeelsverkondiging verander na die šalôm-bekendmaking. God se šalôm word nou in terme van 'n nuwe eksodus (vgl. Jes. 41:17-20; 55:12-13), 'n nuwe eskatologiese heilsgebeurtenis gesien. Kenmerkend van dié heilsgebeurtenis is dat dit een van geregtigheid (ṣêdêq) sal wees (Jes. 54:14) waarvan Jhwh se verbondstrou (ḥêsêd) nie sal wyk nie (Jes. 54:8, 10) en dat daar blywende welvaart en heil sal wees tot roem en lof onder die volke (Jer. 29:11; 33:6-9).

Schmid kom tot die slotsom dat daar 'n groot verskil bestaan tussen die Ou-Testamentiese šalôm-verwagtings en die resente soeke na vrede in die bestaande interstaatlike bestel. Hierdie verskil spruit voort uit die feit dat daar geen polities-militaristiese of maatskaplik-sosiale aspekte in die šalôm van die Ou Testament te vinde is nie. Vrede soos ons dit vandag ken, is resultaat van die Aufklärung en ontstam nie uit die Ou Testament of die Nuwe Testament nie. Per slot van sake is daar 'n verskil tussen die vrede van God en die vrede van die mens. 'n Verwerkliking van vrede in hierdie wêreld kan alleen geskied wanneer die skuldelas van die mens oorgeneem word. Dit is presies wat in die Christusgebeurtenis plaasgevind het.

Hoewel hierdie verskillende benaderings dikwels uiteenlopende resultate opgelewer het waarvan sommige sterk bevraagteken sou kon word, dra elkeen tog op meer as een wyse by tot die beter verstaan van die begrip. Uit dié resultate kan nou enkele lyne deurgetrek word vir die mens van die Nuwe Testament.

3. DIE OU-TESTAMENTIESE ŠALÔM-BEGRIP EN DIE CHRISTEN

Nie net Israel nie, maar alle mense het vanaf die vroegste tye al na Šalôm in een of ander van sy vele fasette gehunker. Sekere algemene strewes soos voorspoed, gesondheid en geluk, soos 'n nuwe verhouding onder mense en in die natuur, en soos die begeerte na die regstelling van die verkeerde, het Israel in gemeen gehad met die ander oud-oosterse volkere. In die smeltkroes van sy strewes en lyding, sy mislukkings en hardnekkige geloof in God, het Israel egter ervaringe van die ware, lewende God beleef. Dit het Israel in staat gestel om nuwe dimensies by te voeg en so uiteindelik 'n Šalôm- verwagting met 'n ander voorkoms op die aambeeld van die tyd uit te hamer.

lets van hierdie andersoortige verwagting skemer deur in Luk. 1:79, waar die Messias beskryf word as 'n lig "..... om ons voete na die pad van vrede te rig", en in Luk. 2:14, waar die engelesang lui: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde....." Dit is natuurlik 'n vraag in hoe 'n mate hierdie Nuwe-Testamentiese "vrede" ooreenstem met die Ou-Testamentiese "Šalôm." Een saak staan egter vas en dit is dat die vrede van die Christuskind nie met politiek-militêre vredesopvattings ooreenstem nie. Dit blyk baie duidelik uit Jesus se woorde in Matt. 10:24; "Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard". (Vgl. ook Luk. 12:51). Sy vrede is heeltemal anders: "Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie". (Joh. 14:27, Nuwe Vertaling). Dit is groter en wyer en ingrypender omdat dit minstens in die Ou-Testamentiese Šalôm-verwagtings gewortel is. En omdat ons bely dat die koms van Jesus Christus die hoop op die vervulling van die Šalôm-verwagting van die Ou-Testament by die mens gebring het, daarom moet ons onsself afvra tot welke mate die oorspronklike Šalôm-verwagting in ons christelike uitkyk en uitlewing gerealiseer word. Slegs enkele van die kenmerke van die latere Šalôm-beskouinge van Israel sal as kriteria voorgehou word.

Allereers val dit op dat die Ou-Testamentiese Šalôm-beskouinge nooit abstrak is nie, nooit "a pie in the sky when I die" nie. Dis altyd konkreet. Dit gaan om die materiële welstand en gesondheid van die liggaam, om vrugbaarheid en wêreldwye veiligheid en tevredenheid, om die harmonie tussen mense onderling en in die natuur. G. von Rad wys daarop dat daar nêrens in die Ou Testament 'n teks verskyn waar Šalôm

die betekeniskrag van innerlike geestelike vrede het nie. Dis altyd iets wat sigbaar is, wat uitkom in die optrede van mense, wat 'n positiewe effek op jou omgewing het. Die Ou-Testamentiese terme in dié verband is onder meer reg, geregtigheid, ontferming, billikheid, eerlikheid en liefde. Moet ons nie vir onsself afvra of hierdie aspek van die konkreetheid van die šalôm nie gans en al te veel op die agtergrond geskuif word nie? Het die Kerk in die algemeen nie dalk só opgegaan in die vrae rondom innerlike gesindhede, leerstellige vrae, en dies meer, dat die sigbare vergestalting van die šalôm op velerlei terreine oorgelaat word aan andersdenkende groepe, aan die humaniste en les-bes aan die sosialisme nie? Is die klagte van 'n koue onpersoonlikheid in ons gemeentes nie te herlei na 'n gebrek aan konkreetheid in ons uitlewing van die šalôm nie? Tot welke mate slaag ons daarin om gestalte te gee aan hierdie konkretisering van die šalôm om so geloofwaardigheid te gee aan dit wat ons as Kerk verkondig? Is dit nie juis die korrektief wat die Bergpredikasie aan ons wil tuisbring nie?

Aan die anderkant is dit ook belangrik dat die Ou-Testamentiese šalôm nie in die eerste plek gerig is op vrede as die teenpool van stryd nie. Om die Ou-Testamentiese begrip nou as 'n slagspreuk vir wêreldvrede te gebruik, sou 'n verskraling daarvan wees en 'n omkering van die orde waarvolgens die šalôm tot stand moet kom. Want, alhoewel šalôm ook die beëindiging van oorlog en stryd op die oog het sodat elkeen in vrede onder sy wingerdstok of vyeboom kan sit (Miga 4:4), is dit maar 'n deeltjie van 'n groot, omvattende herstel van dit wat gebroke is. Eers moet die herstel plaasvind en daarna kan die afsonderlike simptome van gebrokenheid bevredigend in ewewig gebring word. Daarom is die bekamping van die simptome soos twis, liefdeloosheid, selfsug en so meer, onderworpe aan die herstel van dit wat eintlik gebroke is, naamlik die verhouding met God en met die medemens.

Geen wonder nie dat dit in die Ou-Testamentiese šalôm hoofsaaklik gaan om verhoudings. Want šalôm is nie net 'n toestand nie, maar het betrekking op my verhouding met God, met my medemens en met die geskape natuur. Omdat dit nie 'n toestand is nie, veronderstel dit aksie, beweging, optrede, verandering. Die beëindiging van afgodery en die herstel van die ḥêsêd (goedertierenheid=verbondstrou) (Jes. 54:10) en die toesegging van ṣ^{e}daqā (geregtigheid) (Jes. 54.13,14) word deur die profete gesien as wesenlike kenmerke van die šalôm. Daardeur kom die mens in 'n nuwe

verhouding tot God te staan (Jer. 29:12-14), ontvang 'n hart van vlees (Eseg. 36:26), wandel in sy paaie (Jes. 2:3) en word 'n volk van God (Eseg. 37:27) en 'n seën vir die wêreld (Sag. 8:13). Die gevolg daarvan is dat elkeen in vrede en harmonie met sy naaste lewe (Miga 4:3) en die wolf by die lam wei (Jes. 11:6-9). Dié mens wat dus nie toelaat dat sy geloof in Jesus Christus ook deurwerk na sy verhoudingslewe nie, het 'n wesenlike deel van die šalôm misgeloop.

Die herstel van die verhoudings lê egter buite die bereik van menslike optrede alleen. Menslike šalôm-bemoeiing alleen kan nooit meer wees as maar net voorlopige šalôm-optrede nie, is die bevinding van H.H. Schmid.[15] Dit is so, sê hy, omdat die bestendiging van die šalôm direk verband hou met die verwydering van skuld en skuldgevoelens. Solank die mens gebuk gaan onder 'n skuldelas, onder 'n gewete wat aankla, onder 'n meedoënlose besef van wanbalans, kan geen menslike poging ooit šalôm meebring nie omdat 'n mens nie die skuldgevoel van 'n ander kan wegneem nie. En meestal is dit juis hierdie skuldgevoelens wat verhoudings vertroebel en šalôm afstoot. Om die šalôm te kan beleef, moet daar dus allereers met skuld klaargespeel word (Jes. 27:9; Jer. 33:8). Deur die ervaring van sy eie mislukkings het Israel mettertyd besef dat dit net deur Jhwh self bewerk kan word (Jes. 26:12). Wanneer God dan later in die Persoon van Jesus Christus sê dat Hy ons skuld vergewe, open Hy self die deur na šalôm, waardeur die gedagte van verlossing as deel van die šalôm (á la Von Rad) werklikheid word. Dit stel ons in staat om ook weer op ons beurt andere se skuld teenoor ons te vergewe, omdat God self uit blote genade vir ons skuld betaal het (vlgs. Gerleman die grondbetekenis van šalôm). Kenmerkend van die šalôm vir die Christen is gevolglik dat hy die vergifnis wat hy van God ontvang het, laat weerklank vind in die vergifnis wat hy teenoor sy medemens betoon. (Vgl. Kol. 3:13,"..... soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen".)

4. SLOT

Slegs op dié wyse word die mens die šalôm deelagtig - 'n šalôm wat nóg die vrede van die sosialis, nóg die innerlike sielevrede van die vrome is omdat dit meer is as albei saam, bestendiger as die Pax Romana, wyer as die utopie van Marx en Lenin, ingrypender as die sielevrede van die heilige. Dit vloei voort uit 'n nuwe verhouding met God wat skuld vryspreek, dit wat gebreek is, herstel en wat verskuldig is, betaal. Dit verander die optrede van mense, gee vreugde in leed, hoop in angs, liefde in haat,

vergifnis ten spyte van onregverdigheid. Aldus verander dit die karakter van die hele samelewing. Daaraan mag ons as Christene deel hê. So behoort ons lewens te wees omdat die "vrede op aarde" (Luk. 2:14) inderdaad die vervulling is van die hoop van die eeue...

NOTAS

1. J.G. Davies, Dialogue with the world, London 1967, 15.
2. J. Pedersen, Israel; its life and culture, I-III, London 1926. Vgl. veral 311-335.
3. G. Gerleman, "Die Wurzel šlm", ZAW 85 (1973), 2.
4. W. Eisenbeis, Die Wurzel šlm im Alten Testament, Berlin 1969.
5. L. Rost, "Erwägungen zum Begriff šālôm", in K.- H. Bernhardt (red.), Schalom. Studien zu Glaube und Geschichte Israels. Alfred Jepsen zum 70. Geburtstag, Stuttgart 1971, 41-55.
6. G. von Rad, "śalom im A.T." in G. Kittel (red.), Theologische Wörterbuch zum Neuen Testament, 2. Band, Stuttgart 1935, 400-405.
7. D.J. Harris, Shalom! The Biblical concept of peace, Grand Rapids 1970, 16, meen tog dat daar enkele uitsonderings te vinde is.
8. D. Gillett, "Shalom: contents for a slogan", Themelios,1 (1976).
9. J. Scharbert, "ŠLM im Alten Testament", in Kl. Koch (red.) Um das Prinzip der Vergeltung in Religion und Recht des Alten Testaments, Durmstadt 1972, 300-324.
10. Kl. Koch, "Gibt es ein Vergeltungsdogma im Alten Testament?", ZThK, 52 (1955), 1-42.
11. G. Gerleman, "Die Wurzel šlm", ZAW 85 (1973), 1-14 en "šlm, genug haben" in E. Jenni en C. Westermann, Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band II, München 1976, kol. 919-935.
12. O.H. Steck, Friedensvorstellungen im alten Jerusalem, Zurich 1972.
13. H.H. Schmid, Frieden ohne Illusionen, Zurich 1971 en Śalôm. "Frieden" im Alten Orient und im Alten Testament, Stuttgart 1971.

14. L. Wittgenstein, Philosophische Untersuchungen, Frankfurt am Main 1967.

15. H.H. Schmid, Frieden.....39.